deur NICOLETTE VENTER

Great Stock

VERWOESTING in 'n GLAS

Om 'n braaivleisvuur vertel mense graag van die jongste moord, verkragting of motorkaping wat in hul woonbuurt plaasgevind het of waarvan hulle gehoor het. Dikwels word dié gesprekke heel gesellig met 'n drankie in die hand gevoer. Dieselfde mense wat vingers wys, besef nie altyd dat hul drankgewoontes ook eensklaps van hülle misdadigers kan maak nie.

Die jongste misdaadsyfers toon dat dronkbestuur vir die 2003/2004 finansiële jaar in Suid-Afrika met tien persent toegeneem het. Dit is juis dié kommerwekkende statistiek wat veldtogte soos Arrive Alive en die Nasionale Vervolgingsgesag se Batebeslagleggingseenheid onlangs genoop het om van 'n gereelde verkeersoortreder in die Wes-Kaap, wat tans vir drie ernstige verkeersoortreding vervolg word, 'n voorbeeld te maak.

Dié man is in Maart en April vanjaar vir dronkbestuur aangekeer. In die eerste voorval was die persentasie alkohol in sy bloed 0,18 g/100 ml, wat meer as drie keer dié van die wettige 0,05 g/100 ml is. In die tweede voorval was die alkohol in sy bloed 0,23 g/100 ml, wat meer as vier keer die wettige perk oorskry. Hy is ook in April aangekeer toe hy teen 'n spoed van 189 km/h gery het.

Dié organisasies het in 'n gesamentlike poging in die Wes-Kaapse Hooggeregshof om beslaglegging van sy voertuig aansoek gedoen. Dit is goedgekeur, wat beteken dat meer gewoontemisdadigers soos dié hul voertuie kan verloor. Dieselfde organisasies het reeds hul oog op ander gevaarlike bestuurders, onder andere 'n man van Gauteng wat na bewering deur roekelose bestuur die dood van twee kinders veroorsaak het.

Wendy Watson, hoofdirekteur padvervoerregulasies van die departement van vervoer in Pretoria, sê die beslaglegging op gevaarlike verkeersoortreders se voertuie is algemeen in oorsese lande. In Amerika word dié voertuie vir die gebruik deur verkeersbeamptes aangewend.

Wrenelle Stander, direkteur-generaal van vervoer, sê as mense weet hul voertuie kan weens hul ernstige verkeersoortredings weggeneem word, sal dit hulle dwing om hul gewoontes te verander. "Padmisdaad is ernstig. Jaarliks sterf meer as 12 000 mense op ons paaie en word 48 000 ernstig beseer. Dit het 'n reuse-impak op

Hoeveel is te veel?

Advokaat Johan Jonck, ontwerper van die Arrive Alive-webwerf, sê elke mens moet hom afvra of die limiet van 0,05 g/100 ml op hom van toepassing is.

"Die vraag is eerder hoeveel drankies dit neem voordat jou bestuursvermoë aangetas word? Die praktiese implikasie is dat 'n bloedalkoholvlak van 0,05 g/100 ml geeneen daarvan verseker dat hy 'n voertuig met die nodige vermoë kan bestuur nie. Dit vrywaar 'n mens ook nie van vervolging nie. Met genoegsame bewyse kan enigeen op die hoofaanklag, naamlik dronkbestuur, skuldig bevind word," sê hy.

Enige mens agter die stuurwiel, wie se bloedalkoholvlak 0,05 g of meer per 100 ml is, is volgens wet onbevoeg om die voertuig te bestuur en kan vervolg word.

Foto: Nicolene Venter

Jaarliks sterf meer as 12 000 mense op ons paaie en word 48 000 ernstig beseer.

die ekonomie en onmeetbare gevolge wat pyn en lyding wat families moet deurmaak, betref."

Na raming het motorongelukke die staat verlede jaar bykans R25 biljoen uit die sak gejaag.

Oor die pyn en lyding weens motorongelukke lees 'n mens elke dag. In een van die jongste gevalle is 'n pa van vier jong kinders in Pretoria op sy fiets deur 'n 23-jarige student doodgery. Die student was vermoedelik onder die invloed van drank en word deur 'n klag van strafbare manslag in die gesig gestaar.

Maar dit is nie in alle gevalle wat dronk bestuurders 'n lewe eis nie. Onskuldige mense sukkel daagliks om 'n normale lewe te lei nadat hul liggame deur 'n ongeluk, wat deur 'n dronk bestuurder veroorsaak is, geskend is.

In Austin, Texas, het die plaaslike departement van vervoer in Oktober 2002 'n skokkende veldtog teen dronkbestuur begin, wat hewige reaksie ontlok het.

Dit veldtog het op Jacqueline Saburido gefokus, wat op 20-jarige ouderdom in 'n motorbotsing was wat deur 'n dronk bestuurder veroorsaak is. Beeldmateriaal van die eens aantreklike student, wat gek na dans en swem was, is vertoon. Daarna is Jacqueline ná die ongeluk gewys. Haar liggaam is onherkenbaar verbrand en dis moeilik om te glo dat dit dieselfde aantreklike student was wat aan die begin van die advertensie op die strand in 'n bikini vir 'n foto geposeer het. Jacqueline het ingestem om in die advertensie te verskyn, juis om te bewys wat die gevolge van dronkbestuur kan wees.

Dié visuele skokterapie is dalk ontstellend, maar in 'n land soos Suid-Afrika, waar 46 persent van motorbestuurders wat verlede jaar in motorbotsings dood is onder die invloed van drank was, is dit dalk die regte benadering.

As 'n mens verder in ag neem dat twee persent van alle motorbestuurders op ons paaie enige tyd van die dag onder die invloed van drank is, maak dit van elke verantwoordelike, nugter bestuurder 'n teiken. Dié syfer styg na sesuur saans met drie persent wanneer mense na werk om 'n drankie kuier. In Mpumalanga het hierdie statistiek tussen 2002 en 2003 die meeste gestyg. Dit is ook in hierdie provinsie waar die drink-en-bestuur-statistiek onder vragmotor-, taxi- en busbestuurders die afgelope twee jaar die meeste toegeneem het.

Diegene wat in hul jeug weens dronkbestuur aangekeer is, kan dalk ook eers later die gevolge dra, soos in die geval van Marius Louw*. Op 32 sukkel Marius al die afgelope jaar om werk te kry. Marius is in 1993 aan dronkbestuur skuldig bevind en het elf jaar later al daarvan vergeet. Vir hom was dit nie tóé 'n ernstige oortreding nie. Ongelukkig dra dit vandag tot sy werkloosheid by.

"Ek het ondervinding in die vervoerbedryf. Ek kon glad nie verstaan waarom elke werkaansoek onsuksesvol was nie, totdat ek met skok ingelig is dat ek weens dronkbestuur 'n kriminele rekord het. Dit sal 'n wonderwerk wees as 'n werkgewer my sal vertrou om agter die stuurwiel van 'n vragmotor in te klim. Totdat ek werk kry, moet my vrou ons onderhou. Dit omdat ek in my jong dae gedink het om te drink en te bestuur is glad nie ernstig nie," sê Marius.

Spoedvrate

Al is die bekamping van dronkbestuur een van Arrive Alive se hooffokuspunte, is die beweging ewe bekommerd oor die spoed waarteen Suid-Afrikaners bestuur. Te hoë spoed is een van die hoofredes vir die dodetal op ons paaie.

Volgens die jongste statistiek is Suid-Afrikaners inderdaad spoedvrate. Meer as 30 persent van motorbestuurders oorskry die 120 km/h-perk, terwyl 20 persent die 130 km/h-perk oorskry en agt persent vinniger as 140 km/h bestuur. Sit 'n dronk mens agter die stuurwiel van 'n vinnige voertuig en jy het die resep vir 'n noodlottige ongeluk. As mense onder die invloed van drank bestuur, is hulle geneig om vinniger en ook roekeloser te bestuur, sonder om hul veiligheidsgordels te dra. Laasgenoemde is ook 'n fokuspunt vir Arrive Alive. Studies bewys dat 67 persent van motorbestuurders nie 'n veiligheidsgordel dra nie, selfs al verminder dit 'n mens se kans met 50 persent om tydens 'n ongeluk te sterf of ernstig beseer te word.

Kom veilig aan

Verlede jaar het die getal voertuie op ons paaie oor die Desembervakansie met ses persent toegeneem. In dié tyd het Arrive Alive se veldtog tog vrugte afgewerp en het die getal mense wat in Desember weens padongelukke dood is, van 1 218 in 2002 na 1 190 in 2003 afgeneem. Hoewel hierdie 'n afname vir die Desembertydperk is, is die syfers steeds hoog.

Maak dié Desember 'n vroeë Nuwejaarsvoorneme om padveiligheid eerste te stel. Beplan jou roete, neem gereelde ruskanse en wees geduldig agter die stuurwiel. Wees ook op die uitkyk vir voetgangers. Hou by die spoedgrens en dra jou veiligheidsgordel. Maak ook seker jou medepassasiers doen dieselfde.

*skuilname

Vir meer inligting, besoek Arrive Alive se webwerf by: www.arrivealive.co.za

Die skokkende ware verhaal van Jacqueline Saburido is in 'n plaaslike veldtog in Texas gebruik om dronkbestuur hok te slaan.